"PARTICIPATING IN THE LIFE OF THE TRINITY"?

VBO 7-8 Oktober 2009

QUO VADIS: SISTEMATIESE TEOLOGIE

In 'n eerste rondte stel Dirkie Smit ons bloot aan die wyse waarop teologiese nadenke antwoorde probeer gee op die vrae wat oor geloof en die lewe gevra word.

1. Die **Trinitariese Renaissance** is tans die merkwaardigste self-kritiese ontwikkeling in die Christelike geloof veral met praktiese implikasies vir die wyse waarop 'n erediens gehou word, die sakramente verstaan en bedien word, sending beoefen word en kortom die hele Christelike lewe geleef word.

2. Omdat die **lewensvrae** van geslag tot geslag verander, het dit 'n impak op hoe geloof bely word. Waar voor die Verligting die vrae veral te make gehad het met die samehang van groep, gesag en tradisie, word lewensvrae tans gevra vanuit die perspektief van die subjektiwiteit van die individu, die oppermag van die rede en die nuwe moontlikhede van die hede en die toekoms.

Dit skep 'n spanning tussen 1) die groep en die individu, 2) gesag en die rede, 3) tradisie en die nóú. Belangrik, die spanning kan nie vermy word nie, maar moet ontmoet word met 'n nuwe verwoording van geloof. Dit is ook nie dat mense nie meer in groepe funksioneer nie, of nie gesag erken nie of nie sekere tradisies omarm nie. Maar dit word gemeet en beoordeel vanuit die hoek van subjektiwiteit, rasionaliteit en 'n nuwe besef van historisiteit.

Die implikasies vir identiteitsvrae (wie is ek en wie is ons?), kennis- en waarheidsvrae (wat kan ons weet, waarvan kan ons seker wees?) en bestemmingsvrae (waar kom ons vandaan, en waar gaan ons heen?) is vêrreikend.

> Tersyde: Immanuel Kant het al gesê, daar is 3 vrae wat mense vra: Wat kan ons weet, doen, hoop? Die eerste is 'n wetenskaplike vraag, waarop, sê hy, nie godsdienstig geantwoord kan word nie (verskraalde begrip van kennis). Rasionaliteit en die gewete lei ons in die tweede vraag (die rede en veral die gewete werk egter nie so gemaklik of effektief nie!). Maar, die waarde van sy standpunt, is dat hy wys dat die wetenskap nie daarmee kan help nie. Geloof het met die derde vraag te maak, want, volgens hom, is dit die motivering om die antwoord op die tweede vraag inderdaad te doen, bv. beloning in die hiernamaals (verskraalde siening van die geloofsverhouding met God).

3. Ook die **tydsgees** het 'n impak op hoe geloof bely word. Ses aspekte kan onderskei word: *Sekularisasie* én *spiritualisering*, groeiende *post-modernisme* én *fundamentalisme*, 'n *globaliserende* kairos én 'n *ekologiese* krisis.

Interessant van sekularisasie is dat baie mense tog steeds religieus is, maar net nie toelaat dat die religie hulle lewe in die wêreld beïnvloed nie. Sekularisasie het egter nie godsdiens of die geloof in God doodgemaak nie. Inteendeel. Daar is op baie plekke in die wêreld juis 'n groei in spiritualiteit.

Die toename in spiritualiteit, veral die Amerikaanse verbruikersgodsdiens, is ook nie net goeie nuus nie, gebaseer op entrepreneurskap, keuses en persoonlike openbarings.

'n Post-modernistiese lewensgevoel beklemtoon die belangrikheid van die behoefte om te behoort, maar dan in 'n kleiner kring waar mense se uniekheid waardeer en erken word.

Fundamentalisme probeer die kompleksiteit van die lewe reduseer tot eenvoudige onbetwyfelbare waarheid uit 'n behoefte aan onwankelbare absolute sekerheid. Die eie groep is hier ook belangrik, maar dan in terme van 'n verdeling van ons-hulle. Gesag lê in die woordvoerders wat blindelings nagevolg word.

Globalisering raak ons die diepste van al ses aspekte van die tydsgees. Die wêreld raak kleiner op ekonomiese, kulturele en politiese gebied. Die teenpool is die bedreiging van lokale ekonomieë, kulture en politiek in terme van ontmagtiging en marginalisering, wat onder andere 'n rol speel in die groeiende ekologiese krisis.

4. Toenemend word beklemtoon dat teologiese gesprek in samewerking en in gesprek met ander moet plaasvind. Teologies kan nie in isolasie beoefen word nie. Dit is iets wat in sewe sfere kan en moet plaasvind: wêreldwyd in Eerste, Tweede en Derde Wêreld kontekste, onderling tussen teologiese vakdissiplines, met ander akademiese vakdissiplines, in die publieke sfeer, in die kerk, in die ekumeniese sistematiese gesprek en laastens in die sistematiese teologiese kringe self.

5. Die diepste vraag wat die teologie moet antwoord, is die vraag na God self. Hierin is die skerp skeidslyne tussen teologiese vakdissiplines nie bevorderlik vir 'n geïntegreerde teologiese verstaan nie.

TRINITARIESE RENAISSANCE?

In 'n tweede rondte fokus Dirkie veral op die bydraes van Geoffrey Wainwright (*Embracing Purpose: Essays on God, the World and the Church*).

Die herontdekking van die trinitariese teologie word in Protestantse kringe veral aan Karl Barth (*Kirchliche Dogmatik*, 1932) en in Rooms-Katolieke kringe aan Karl Rahner (artikel in *Mysterium Salutis*, 1967) verbind. Sedert die 70er jare van die vorige eeu het daar toenemend teologiese werke verskyn wat hierdie herontdekking uitgebrei en toegepas het.

Dit het 'n groot impak op die breë ekumeniese gesprek oor eenheid na binne en getuienis na buite gehad. Dat kerklike eenheid begrond word in: “the Triune God who ‘interrelates actively’... with the world,” en deur die eeue sigbaar gemaak is in die doophandeling (in die naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees) en in die eerste geloofsbelydenisse (die *apostolicum* en die geloofsbelydenis van Nicea), is al hoe meer herwaardeer.

Een van die gevolge hiervan is dat die hele konsep van *koinonia* met mekaar, toenemend begrond word in ons *koinonia* met God in Christus. 'n Ander gevolg is dat hierdie kerk as *koinonia* gemeenskap sigbare uitdrukking moet hê, omdat dit, soos Wainwright dit stel, bedoel is as 'n sigbare sakrament van God se reddingswerk, sodat die wêreld kan glo.

Mary Tanner (moderator van die Faith and Order kommissie van die Wêreldraad van Kerke) het hieroor gesê: “The Church must take its identity from the God in whom it seeks to live, the Triune God whose nature and being mysteriously allows for unity and diversity.”

Dit beteken verder, volgens Lesslie Newbigin (*Household of God*), dat die verdeelde dele van die Christendom nie net as’t ware bymekaar gelas moet word nie, maar in 'n ware eenheid geïntegreer moet word.

Die impak op die missionêre werk van die kerk, is dat oor getuienis nie net gedink word uit 'n ekklesiologiese en/of soteriologiese hoek nie, maar uit 'n primêre *Missio Dei* perspektief (Lesslie Newbigin by die Willimon konferensie 1952 – ook in die Tweede Vatikaanse Konsilie *Ad Gentes* ge-eggo).

IS DAAR 'N GEREFORMEERDE TRINITEITSLEER?

Dirkie Smit skryf hieroor in 'n artikel in die *Journal of Reformed Theology* (2009) met die titel *The Trinity in the Reformed Tradition*. Daarin onderskei hy 5 motiewe wat in die Gereformeerde verwoording van die Triniteit gereeld voorkom:

1. Die Triniteitsleer word nie soseer verbind aan sekere bewysplase in die Bybel nie, maar beskou as die enigste **taal** waarin oor die God van die Bybel op omvattende en verstaanbare wyse gepraat kan word.
2. Hierdie taal maak dit moontlik om oor God as die **Lewende God** te praat, die God wat in die geskiedenis betrokke is, die God van die verbond en verbondstrou, eerder as om filosofies-teoreties daaroor te besin.
3. Dit beteken dat Gereformeerdes oor alle sentrale Bybelse leringe op 'n ryk, komplekse trinitariese manier kan praat met, wat Noordmans genoem het, 'n **trinitariese spreiding**. Gereformeerdes voer die gesprek oor lyding bv. dus nie net uit 'n skeppingshoek nie,maar kan dit aanvul met soteriologiese en pneumatologiese perspektiewe, wat beteken dat die gevaar van 'n soort troostelose natuurlike teologie vermy kan word.
4. Die Triniteitsleer word **pastoraal** aangewend, om te wys dat die God wat *vir* ons is, ook *met* ons is, inderdaad ook *in* ons is, eerder as om op verfynde wyse daaroor te spekuleer.
5. Die Triniteitsleer het in Gereformeerde kringe 'n baie **praktiese** aanwending, waardeur sleutel sake soos die kerk, sending en die nagmaal op nuwe wyses gedink en gedoen word.
    a. Lesslie Newbigin (*The Household of God*) kon oor die ekumeniese kerk se **ekklesiologie** sê dat dit al drie Bybelse gestaltes moet vertoon: 1) “die gemeenskap van die getroues” (Protestante), 2) “die liggaam van Christus” (Katolieke), en 3) “die gemeenskap van die Heilige Gees” (Pentekostaliste).
    b. Hy kon oor die kerk (*The Open* Secret) as deel van die ***Missio Dei*** sê dat dit 1) “die koninkryk van die Vader verkondig”, 2) “die lewe van die Seun deel“ met die wêreld, en 3) “die getuienis van die Gees dra”.
    c. Michael Welker (*What happens in Holy Communion?*) kon oor die **nagmaal** sê, dat gelowiges daarin 1) die Vader kan dank, 2) die teenwoordigheid van Jesus Christus kan vier, en 3) die Drie-enige God deur die Gees met vreugde verheerlik.

TRINITARIESE SPREIDING?

Trinitariese Spreiding (Noordmans) beteken die impak wat die idee op ander teologiese premisse het. Die impak daarvan kan nie oorskat word nie: om Christologies te dink oor 'n saak soos die skepping of die sending of aanbidding, is minder ryk en omvangryk as om Trinitaries daaroor te dink.

Om dit prakties te illustreer, kan dit toegepas word op twee praktiese sake: 1) die bekende slagspreuk WWJD – What would Jesus do? en 2) die wyse waarop ons oor menswaardigheid dink.

WWJD – What would Jesus do?

Noordmans sê hieroor dat dit egter soms nodig is om ook te vra:

* wat sou dit beteken om die Vader te volg in 'n situasie, of

* wat sou die Heilige Gees doen in hierdie situasie?

Daarmee help hy ons verstaan, dat dit eintlik eers is as ons dié drie vrae tegelykertyd vra, dat ons na 'n meer verantwoorde reaksie gelei word.

Soos God die Vader in die Ou Testament op baie verskillende maniere met sy volk gepraat het, kom Hy in die Evangelies in die gestalte van Sy Seun na ons toe en maak Homself op 'n ongelooflike praktiese wyse bekend aan ons. En in Handelinge en die briewe van die Nuwe Testament troos Hy ons deur Sy Gees en begelei ons in 'n intieme geloofsverhouding met Hom.

Hy is immers vir ons as Vader, met ons as Seun, en in ons as Gees.

Op hierdie verskeidenheid van maniere verryk Hy ons lewens, nooi Hy ons uit om met Hom in verhouding te tree en om uit sy onuitputlike kreatiewe voorsiening en troos te leef.

Menswaardigheid

John Webster skryf in 'n feesgeskrif The God of Love and Human Dignity (2007) 'n artikel The Dignity of Creatures die volgende:

> *"Human dignity has its basis in the loving act of God the **creator** who summons creatures into being and bestows life on them, ordering their nature and determining their destiny by calling them to enact their being in fellowship with himself.*
>
> *God the **reconciler** defeats creatures' trespass upon their own dignity, restoring them to fellowship with himself and re-establishing their dignity.*
>
> *God the **perfecter** completes the dignity of creatures, gathering them into the fellowship of the saints and empowering them actively to testify to God's perfection of human dignity."*

'n Mens kan eintlik net op dié trinitariese inkleding van menswaardigheid AMEN sê!

PARTICIPATING IN THE LIFE OF THE TRINITY?

Waar raak God ons lewens en hoe raak ons s'n Syne? En wat beteken die deelname?

Gereformeerdes skram weg van 'n verstaan van partisipasie as 'n vergoddeliking van ons lewe, maar kan tog sê dat ons 'n eenheid met God beleef veral in **gebed** en in die **sakramente**, die doop en nagmaal (Todd Billings – *Calvin, Participation, and the Gift*).

Calvyn gebruik die beeld van die spieël om iets hiervan oor te dra. Die **Skrif** is vir ons só 'n spieël, waar die spieëlbeeld nie verander na gelang van die persoon wat daarna kyk nie, maar waar die mens wat kyk, verander word na die beeld van Christus. Deur die Skrif word ons dus verander en deel ons in die lewe van die Triniteit.

Dr Chris van Wyk

acv.vanwyk@gmail.com